




Gestig 1976

Suid-Afrika, 'n fontein wat die wêreld met die Evangelie bereik.

SAAWE

Suid-Afrikaanse Aksie vir Wêreldevangelisasie

Nuusbrief – Tweede Kwartaal - 2016



DIE
10/40
VENSTER

Kontak SAAWE:

POSBUS 10170, ASTON MANOR, 1630

+27 11 396 1225 (Tel) • +27 86 693 2500 (Faks) • info@saawe.org.za (Epos)

www.saawe.org.za

SAAWE • Tjekrekening nr 020 246 188

Standard Bank • Kemptonpark Takkode 012 442

Bongani en Nonhlanhla sluit by SAAWE aan

Sy Ma was veertien toe Bongani gebore is. Op vier het hy by sy Ouma gaan bly waar hy ingetrek is in die gebruike van 'n kultus. Die seun het groot geword en God se Hand was op hom.

"Ek wou nie ledig by die huis sit nie en het myself as vrywilliger gaan aanmeld by Howick Community Church. Hiervoor het ek R60 per week verdien vir vervoer."

Hy het besluit om huis toe te stap en die geld vir sy Ouma te gee. Die gemeentelid het sy potensiaal raakgesien en besluit om hom as 'n leraar te laat oplei. Hy is teen sy sin vir 'n Bybelskool onderhoud gestuur en gekeur.

Bongani vertel: "In Desember 2005 het die hulppastoor vir my geld gegee vir 'n buskaartjie Bybelskool toe. Ek wou nog nooit gegaan het nie en het die geld opgebruik. Januarie 2006 het die hulppastoor my Bybelskool toe gevat. Ek het protesteer: 'ek wil nie 'n leraar word nie!' en besluit om net 'n maand aan te bly en dan werk te soek. Maar ek het nie met God rekening gehou nie. Die kos was lekker en ek het gebly! Vir 'n jaar lank het ek gesukkel, die akademie was moeilik en ek het 'n geweldige geestelike stryd gevoer. Maar die kos was 'n belangrike voordeel.

Eendag in 2007 terwyl ek met Griekse eksegeese worstel, het iets dramaties gebeur. God het my met Sy Lewende Woord gekonfronteer. Vir die eerste maal kon ek Jesus Christus as my Verlosser sien. Net daar het ek my hele lewe aan Hom oorgegee. By my ouma se huis het hulle my weggejaag. Met my aardse besittings, my bed, boeke en klere op my rug is ek die donker nag in. Nou was ek op my eie, alleen! My oom het my jammer gekry en 'n dak oor my kop gegee maar ek moes vir myself sorg.

Ek het gependel tussen huis en Bybelskool – twee weke klas, twee weke prakties. Dikwels het ek in treinstasies of vulstasies geslaap en saam met straatkinders geëet en winteroggende in yswater gewas. Maar nou het ek 'n dryfkrag gehad, my liefde vir Jesus, God se Woord en my passie om ander na Christus te lei. Ek het in my werk uitblink omdat ek die Verlosser van die wêreld ontmoet het! Deur God se genade kon ek na 4 jaar my BTh met lof behaal. Van 2010-2012 het ek in 'n Baptiste gemeente in Durban gedien.



'n Vriend het my aan Nonhlanhla voorgestel, 'n besondere meisie van God. Ons is in Desember 2011 getroud! Nonhlanhla het my baie oor gebed geleer. Ek leer haar weer die Woord en so vul ons mekaar aan! Nadat ons in Durban saamgewerk het, het ons Duduza toe getrek. In die Northmead Baptistekerk het ons voedingskemas gekoördineer, Bybelskool onderrig gegee, jongmense gementor, gepreek, Bybelstudie en Sondagskool gelei en by kampe bedien.

Maar ek het 'n inkomste nodig gehad om vir my vrou, haar siek ma en ons babaseuntjie Uyanda wat in 2013 gebore is, te sorg. Terwyl ek karre se bande vervang het, was my hele hart in voltydse bediening. Ek het Skrif op my werkstate geskryf en verlang na daardie dag wat God my vir voltydse diens sou vrystel. Intussen het Nonhlanhla IT met 'n borgskap aangeleer. In Augustus 2015 het ek Nico ontmoet en gevind ons deel die drang om verlore te bereik. Hy het my genooi om die SAAWE mense te ontmoet.

My passie is dat elke mens Jesus moet ken. Hierdie begeerte brand diep in my binneste! "...hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie?..."
Rom 10:14

Vir Bongani en Nonhlanhla om voltyd in SAAWE te werk het hulle finansiële en gebedsondersteuning nodig. Wil jy nie hierdie talentvolle jong gesin ondersteun deur 'n maandelikse finansiële bydrae en gebed nie?



Ufolio.net Besoeke:

Ons ontvang gemiddeld 130 besoeke per dag op ons webkanaal en 1,500 per dag word bereik deur Facebook. Sou Jesus dalk ook gelykenisse van selfone en internet vertel? En vir ons aanmoedig om die instrumentjie te gebruik tot Sy eer?

Navraers skryf onlangs:

*My personal life is a mess
I need to talk to God.
I want to know Jesus.
How to get close with God
Please help me save me...*

Jesus in 2016

As Jesus sommer nou in ons omgewing sou instap, waarvoor sou Hy gesels?

Sou Hy dalk stories vertel oor droogte, vlugteling en inflasie, selfone en Facebook en die internet? Want dis waar die massas en dikwels hulpeloses hulle bevind.

Weet jy dat van die lande met die meeste selfone is Sjina, Indië, Rusland, Pakistan, Japan en Bangladesj. Navorsers verwag dat daar vanjaar meer as 200 miljoen slimfone in Indië gaan wees en 2 duisend miljoen slimfoongebruikers in die wêreld.

EMarketer bereken dat meer as 606 miljoen mense in die Midde Ooste en Afrika dié jaar 'n selfoon sal hê.

Statistiek: emarketer.com.

Hmmm... thanks

Ek voel 'n groot warmte oor my hele liggaam kruip.

Twee woordjies waarin geweldig baie opgesluit is!

Vroeg een oggend het ek weer haar kort briefie gaan soek tussen al die pos wat ingekom het. My rekenaar wou net nie die spesiale Help Desk oopmaak nie. Ek het ure gesukkel, vasberade om vandag weer kontak te maak. Eindelik kry ek dit reg en skryf:

No, do not listen to Satan!

He wants to destroy you!

Do you know that God loves you so much!

He wants to give you an abundant life...

Dear one, let me walk a road of restoration with you. God has a wonderful plan for your life!

Do you know that we have been praying for you?

In fact many people are praying for you right now!

Why would we do that? Because we care, we want to be your friend, we want to help you!

Please write to me!

Your Caring Friend



<http://media1.s-nbcnews.com/>

Haar eerste kontak met Ufollo.net was vroeg in Januarie: "I want to commit suicide on 25 February." Baie van julle het gebid. Sy was doodstil tot 24 Februarie toe ek vir haar kon skryf.

Wil jy nie saam vir Preyti* intree nie? Op haar fototjie lyk sy na 'n begaafde jong meisie. Intussen het ons heen en weer gesels. Die gedoemde dag het gekom en gegaan. 'n Kosbare meisie leef voort. Bid asb. vir wysheid om die pad van vryheid in Jesus met haar te stap.

* Nie haar regte naam nie.

SAawe Webtuiste

Ons webtuiste het 'n nuwe baadjie aangetrek. Kyk gerus by www.saawe.org.za.

Onder "Wat kan ek doen" kry jy inligting oor:

- hoe jy deel kan word van die Arabiese "My Skool" projek
- mins geëwangeliseerde volksgroepe, bidkoepons oor lande en ander gebedsinligting
- korttermyn uitreikings in 2016
- huidige sendingvakatures en
- hoe jy dissipelmaak bewegings kan bevorder.